

Kom ons dop Anglo ook 'n slag om

12/11/78

PROF. SAMPJE TERRE-BLANCHE, Stellenbosch, skryf:

Dit is darem 'n rare wêreld waarin ons leef. Toe ek Dinsdagaand na mnr. Harry Oppenheimer op die TV-skerm kyk, tref dit my watter meester hy is om die saak van die kapitalis aan die breë publiek te verkoop. Suid-Afrika is seker die enigste land ter wêreld waar 'n politikus se woord dikwels betwyfel word, maar 'n kapitalis se woord gewoonlik onkrities aanvaar word. In die res van die wêreld is dit eerder andersom.

Tog snaaks, want die kapitalis en veral die monopolis se optrede is tog in die eerste plek daarop gemik om sy eie geldelike belang te dien (onder die dekmantel van die baie dun fiksie dat hy daarmee ook die algemene belang sal dien), terwyl die politikus se optrede darem in die eerste instansie en openlik daarop gemik is om die openbare belang te dien. Terwyl dit in albei gevalle in laaste instansie om die openbare belang gaan, moet ons in alle billikheid seker dieselfde morele maatstawe vir albei aanlê. Waarom doen ons dit nie?

ONTWYKING

Mnr. Oppenheimer se optrede op TV was in meer as een opsig onoortuigend. Sy antwoord op die vraag waarom sy ondernemings, wat jaarliks honderdmiljoene rande se winste maak, nie in die verlede én in die hede hoër lone aan sy swart werkers betaal nie, was niks minder as 'n ontwyking van die vraag nie.

Op die vraag watter invloed op en beheer oor die Engelstalige pers hy uitoefen, het hy

BRIEWEBUS

PAIX, Geen adres: So 'n fonds bestaan nie. Tensy u anders laat weet, sal u bydrae in Die Burger-Kersfonds gestort word.

G.P.S. op C.: Nie geskik vir publikasie nie.

geantwoord dat Anglo American 'n minderheidsaandeel in J.C.I. het, wat op sy beurt 'n minderheidsaandeel in The Argus het, wat weer 'n aandeel in SAAN het. Hy het bygevoeg dat hy nog nooit enige advies oor redaksionele en bestuursangeleenthede aan enige koerant gegee het nie.

Waarom het hy nie vir die kykers vertel nie dat dit vir 'n onderneming soos Anglo American dikwels net nodig is om hoogstens 20% van 'n ander maatskappy se aandeel te besit om effektiewe beheer daarvoor uit te oefen? Waarom vertel hy nie aan die kykers nie dat hy self 'n Sap-L.V. was en dat dit blykbaar beleid van Anglo American is dat minstens een lid van die topbestuur 'n lid van die Parlement moet wees? Waarom vertel hy nie hoeveel finansiële steun hy en sy maatskappy deur die jare aan die P.F.P. en sy voorgangers verleen het nie?

OOPMAAK

Waarom het hy nie melding gemaak van sy eie en sy topbestuur se brandende belangstelling in die P.F.P. nie? As hy sy kykers oor hierdie saak in sy vertroue geneem het, kon hy geloofwaardigheid verwerf het.

Terwyl die Engelstalige pers en die P.F.P. nou so tekere gaan oor „openheid”, wonder ek of die Regering nie wetgewing moet indien wat alle koerante sal verplig om hul aandeelhouing bekend te maak nie? En as hierdie bekendmaking nie genoeg openbaar nie, moet daar dan nie 'n kommissie ingestel word om vas te stel in welke mate 'n minderheidsaandeel van 'n minderheidsaandeel voldoende is om effektiewe beheer oor koerante uit te oefen nie — veral as die moedermaatskappy Anglo American is?

Terwyl ons met operasie oopmaak besig is, moet ons nie ook wetgewing kry wat sommer ook vir Anglo American van binne na buite sal omdop nie? Dan weet ons

mos alles van almal. Operasie oopmaak kan dan die goue weg na utopie wees. Wil een van die Engelstalige koerante nie my voorstel sekondeer nie? The Rand Daily Mail dalk?



**MENINGS
VAN ONS
LESERS**

Steenkool: te veel uitgevoer

J. J. GOUSEN, Bosmanstraat, Stellenbosch, skryf:

Dat Suid-Afrika baie moontlik boikotte en sanksies sal kan oorleef deur die vasberadenheid van sy inwoners en die rykdom aan eie produkte en minerale, is seker 'n aanvaarde feit.

Ons groot swakheid lê op die gebied van olietoevoer. Ons gaan op eie reserwes aangewese wees — ek verwys na ons eie uit steenkool vervaardigde petrol. Daarom verontus dit my al geruime tyd dat ons Regering steeds voortgaan om steenkool in reusehoevelhede na die buiteland uit te voer.

Is dit nie 'n dwase en roekelose beleid nie? Hoe kan ons hierdie lewensbelangrike produk sommer so verkoop asof ons reken die aarde vervaardig gedurig nuwe voorrade?

Dis ons dure plig en verantwoordelikheid om aan die lot van toekomstige geslagte ook te dink, en nie net aan tydelike voordeel nie.